GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SEDIBENG OOS DISTRIK

## GRAAD 12

# BESIGHEIDSTUDIES

## JUNIE EKSAMEN 2018

| | | | |
|---|---|---|---|
| **PUNTE:** | **300** | **EKSAMINATOR:** | **Me L HEYDENRYCH** |
| **TYD:** | **3 ure** | **MODERATOR :** | **Me SIKHOSANA (GPEDU)**<br>**Mnr S TSIKAURERE** |

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye**

Copyright reserved

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en handel oor al die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige DRIE van die vier vrae uit hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies by elke vraag deeglik en maak seker van wat gevra is.

3. Nommer vrae in ooreenstemming met die nommeringstelsel op die vraestel. Geen punte sal toegeken word vir vrae wat foutief genommer is nie.

4. Tensy anders vermeld, moet antwoorde in volsinne beantwoord word.

5. Gebruik die totaal van die punte wat by ‘n vraag toegeken word as ‘n aanduiding van die lengte van die antwoord.

6. Gebruik die onderstaande tabel as ‘n aanduiding van die tyd wat aan elke vraag bestee moet word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|---|
| A: | Verpligtend Objektiewe vrae oor alle werk | 1 | 40 | 30 minute |
| B: | VIER direkte / indirekte tipe vrae (Kies enige DRIE vrae.) | 2<br>3<br>4<br>5 | 60<br>60<br>60<br>60 | 30 minute<br>30 minute<br>30 minute<br>30 minute |
| C: | DRIE langvrae (Kies enige TWEE vrae.) | 6<br>7<br>8 | 40<br>40<br>40 | 30 minute<br>30 minute<br>30 minute |
| | | | **300** | **180 minute** |

7. Begin die antwoord vir elke vraag op ’n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy; VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.

8. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Copyright reserved

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 Kulula.com het besluit om sy produk uit te brei deur lae koste motorhuur in te sluit. Die maatskappy beplan om die nuwe produk binne die volgende vyf jaar uit te rol. Hierdie is ‘n voorbeeld van ‘n … doelwit.

A operasionele
B strategiese
C funksionele
D taktiese

1.1.2 Watter EEN van die volgende samesmeltings is ‘n voorbeeld van horisontale integrasie?

A ‘n Slagpale wat ‘n aantal slaghuise aankoop
B ‘n Motorvervaardiger wat ‘n skoenfabriek aankoop
C ‘n Fabriek wat bande vervaardig wat ‘n bande-onderneming aankoop
D ‘n Nasionale boekhandelaar wat ‘n aantal klein onafhanklike boekwinkels aankoop

1.1.3 … beteken die waardering vir mekaar ongeag van status, kultuur of gestremdheid.

A Diskriminasie
B Leierskap
C Diversiteit
D Inklusiwiteit

1.1.4 Die leierskapstyl waarvolgens die leier vir die werkers sê wat gedoen moet word en hoe dit gedoen moet word sonder om hul insette en idees in ag te neem, word ‘n …. leierskaptyl genoem.

A demokratiese
B outokratiese
C burokratiese
D laissez-faire

1.1.5 ‘n Dispuut tussen werkgewer en werknemer(s) oor eise vir beter werksomstandighede kan na die … verwys word.

A welsynshof
B KVBA (CCMA)
C ombudsman
D werkplekforum

1.1.6 Die proses waartydens nuwe werknemers ingelig word oor die beleid en prosedures, staan bekend as …

A indiensneming.
B ontwikkeling.
C induksie.
D opleiding

1.1.7 ‘n Klein groep werknemers wat gereeld vrywilliglik bymekaarkom om probleme wat met produksie en gehalte verband hou, te bespreek.

A Gehaltebeheer
B Gedwonge kombinasie
C Gehalte versekering
D Gehalte sirkels

1.1.8 Vir hierdie leierskapstyl om suksesvol gebruik te kan word, moet die volgelinge oor baie kundigheid en ervaring beskik.

A Situasionele leierskap
B Laissez-faire leierskap
C Transformerende leierskap
D Transaksionele leierskap

1.1.9 Konflik tussen ‘n werkgewer en werknemer word ‘n … genoem.

A probleem
B grief
C oorlas
D geskil

1.1.10 Sipho se melkplaas produseer vars melk en doen besigheid in die … sektor.

A sekondêre
B informele
C tersiêre
D primêre

(10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit die wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 (Stukwerk/Tydverwante) salarisvasstelling word gebruik om werkers te betaal wanneer ooreengekome deel van ‘n projek voltooi is.

1.2.2 (Etiese/Professionele) gedrag is ‘n stel waardes wat moreel aanvaar word.

1.2.3 ‘n PESTWO-analise kyk na die manier waarop faktore in die (mikro/makro) -omgewing die besigheid beïnvloed.

1.2.4 (Versoening/Mediasie) vind plaas wanneer ‘n derde, neutrale party help om konflik op te los deur na die strydende partye te luister en voorstelle te maak.

1.2.5 (Konglomerasie/Horisontale) diversifikasie is ‘n strategie waar ‘n besigheid nuwe produkte of dienste byvoeg wat onverwant is aan bestaande produkte, maar wat nuwe groepe kliënte aantreklik sal vind.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnmommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 L.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 'n Plan van aksie om 'n doelwit te bereik | A Totale kliënte tevredenheid |
| | B Besigheidsplan |
| 1.3.2 Proses om besigheidsaktiwiteite te moniteer en prestasie te meet | C Inklusiwiteit |
| 1.3.3 Die praktyk sluit mense in wat andersins uitgesluit sou word | D Strategie |
| | E Strategie-evaluering |
| 1.3.4 'n Besigheid wat kopers gereeld versoek om 'n meningsopname oor hul koopervaring te voltooi | F Wet op Gelyke Indiensneming |
| | G Menseregte |
| 1.3.5 Implementering van regstellende aksie om onregverdige diskriminasie te voorkom | H Markontwikkeling |
| | I Gehaltebeheer |
| | J Besluitneming |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2 BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DINALEDI KAMPTERREIN (DKT)**

Die stigter van DKT wil hulle strategiese bestuursproses verbeter. Hy het ‘n omgewingskandering uitgevoer en het die volgende uitdagings geïdentifiseer.

- Die kampterrein is langs ‘n maatskappy geleë wat van ‘n verskeidenheid chemikalieë gebruik maak.
- ‘n Paar skole / potensiële klante wat graad agt leerders het vir induksieprogramme, kan ‘n bedreiging wees vir die oord deur pryse te dikteer.
- Die luukse akkommodasie en fasiliteite het groot maatskappye gelok wat kwartaaliks werkswinkels oor ‘n naweek daar aanbied.

2.1.1 Identifiseer die DRIE nywerheidsanalise-instrumente wat tydens die omgewingsanalise van DKT aangewend word. Motiveer jou antwoord vir ELKE instrument deur uit die scenario hierbo aan te haal. (9)

Gebruik die tabel hieronder om 2.1.1 te antwoord.

| Nywerheidsanalise-instrument | Motivering/Uitdaging |
|---|---|
| (2) | (1) |
| (2) | (1) |
| (2) | (1) |

2.2 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PETER SE HEEN-EN-WEER-DIENS (PHW)**

Peter se Heen-en-weer-diens vervoer kliënte na en van die lughawe. Enkele kliënte het PHW versoek om koeldrank gedurende die ritte te verkoop. PHW het besluit om met Clear Beverages saam te smelt om sodoende aan hul kliënte se behoeftes te voldoen.

2.2.1 Identifiseer die soort integrasiestrategie wat PHW in die scenario hierbo toegepas het. Motiveer jou antwoord. (4)

2.2.2 Noem TWEE ander integrasiestrategieë. (2)

2.2.3 Gee DRIE redes waarom besighede integrasiestrategieë kan gebruik. (6)

2.3 Onderskei tussen *produkontwikkeling* en *markontwikkeling* as intensiewe strategieë. (4)

2.4 Verduidelik die rol van SOOO's ('SETAs'). (10)

2.5 Ontleed die implikasies van die volgende BBSEB pilare op besighede:

2.5.1 Eienaarskap (4)

2.5.2 Bestuur (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Ekasi Sportdrag Vervaardigers (ESV)**

Ekasi Sportdrag Vervaardigers verkoop sportuitrustings en –toerusting aan verskeie golf- en tennisklubs. Die vraag na sportuitrustings het onlangs in so 'n mate toegeneem dat hy 'n ander tak in Sasolburg moes open.

Hulle het vir 'n lening by NFB Bank aansoek gedoen om die nuwe tak te finansier. Die bank het die rentekoers na 15% verhoog en die munisipaliteit het die water- en elektrisiteitstariewe verhoog.

2.6.1 Noem die sektor waarin Ekasi Sportdrag Vervaardigers sake doen. Haal uit die scenario aan om jou antwoord te motiveer. (3)

2.6.2 Identifiseer TWEE uitdagings uit die scenario wat ESV in die gesig staar. (2)

2.6.3 Beveel EEN strategie aan vir elk van die uitdagings geïdentifiseer in VRAAG 2.6.2. (4)

Gebruik die tabel hieronder om die vraag te beantwoord.

| UITDAGINGS IN DIE MAKRO-OMGEWING | STRATEGIE OM DIE UITDAGING TE OORKOM |
|---|---|
| (a) | |
| (b) | |

2.7 Omskryf in breë trekke enige VIER stappe in die evaluering van 'n strategie. (8)

**[60]**

## VRAAG 3 BESIGHEIDSROLLE

3.1 Identifiseer by ELK van die volgende uitdagings watter gevorderde probleem-oplossingstegniek die beste gebruik kan word.

3.1.1 Die bestuurder wil graag by die personeel kreatiewe idees kry om die onderneming se verkope te verhoog.

3.1.2 Die bestuur wil graag deskundiges se menings inwin oor hoe om die uitleg van die onderneming te verander om omgewingsbewaring te bevorder.

3.1.3 Die hoofbestuurder wil ‘n vertroulike besluit op sy eie neem deur voor te gee dat hy dit met ‘n denkbeeldige persoon bespreek.

3.1.4 TGB Bpk. wil die ontwerp van hulle produkte verander en die voor- en nadele van hulle besluit in ag neem.

3.1.5 Charlie se sjokoladefabriek vra voorstelle van hulle werkers oor kombinasies tussen sjokolade en sokker, ter viering van die nasionale sokkerkampioenskappe. (10)

3.2 Bespreek die kenmerke van ‘n suksesvolle span. (8)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **JOLENE DRUKKERS (JD)** |
|---|
| Jolene Drukkers het meer manlike as vroulike werkers in diens. Hulle gebou het nie geriewe vir mense wat rolstoele gebruik nie. Slegs Engels word as kommunikasiemedium in die werkplek toegelaat, ondanks die feit dat sommige werknemers dit nie kan verstaan of praat nie. |

3.3.1 Identifiseer TWEE diversiteitskwessies waarna in die scenario hierbo verwys word en motiveer jou antwoord. (6)

3.3.2 Beveel TWEE maniere aan waarop JD elke diversiteitskwessie wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is, moet hanteer. (8)

3.4 Bespreek die rol van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers om te verseker dat 'n werksomgewing gesond en veilig is. (6)

3.5 Lees die volgende scenario en beantwoord dan die vrae wat volg.

**RA Verwe (Edms) Bpk. (RAV)**

RA Verwe (Edms) Bpk. is 'n plaaslike verffabriek in Centurion. Ralph en Andrew is die enigste direkteure.

Ralph het vir Suzy, sy niggie aangestel as die nuwe sekretaresse al was sy nie die beste kandidaat vir die pos nie. Andrew stort die fabriek se afvalmateriaal in die Apiesrivier om kostes te bespaar. Die maatskappy verklaar ook nie al hulle inkomste aan die SAID nie.

Peter, die vragmotorbestuurder gaan nie altyd direk terug werk toe nie en gebruik soms die vragmotor vir privaatritte.

3.5.1 Haal VIER onetiese besigheidspraktyke aan uit die bostaande scenario. (4)

3.5.2 Beveel 'n strategie aan vir elke onetiese kwessie soos gemeld in VRAAG 3.5.1. Gebruik die onderstaande tabel as 'n gids vir jou antwoord. Teken die tabel oor in jou ANTWOORDBOEK.

| ONETIESE SAKEPRAKTYK | STRATEGIEë |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

(8)

3.6 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**MOLETSANE FINANSIËLE DIENSTE BPK. (MFD)**

As gevolg van die maatskappy se swak prestasie slaag Moletsane Finansiële Dienste Bpk. nie daarin om potensiële beleggers te lok nie. Die aandeelhouers het by fluitjieblasers uitgevind dat die maatskappy se swak prestasie die gevolg van 'n gebrek aan bevoegdheid in die direksie is. Die direkteure van MFD ontken hierdie aantyging.

Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDBOEK oor en beantwoord dan die vrae wat volg.

| SWAK KORPORATIEWE BESTUUR (3.6.1) | KING-KODE BEGINSEL (3.6.2) |
|---|---|
| (a) | |
| (b) | |

3.6.1 Haal TWEE voorbeelde van swak korporatiewe bestuur uit die scenario hierbo aan. (2)

3.6.2 Identifiseer die TWEE Kink-Kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur wat MFD nie toegepas het nie. (4)

3.7 Maak aanbevelings oor hoe ‘n besigheid die volgende regte in die werkplek kan bevorder.

(a) Ekonomiese regte
(b) Kulturele regte
(c) Sosiale regte

Gebruik die onderstaande tabel as ‘n gids om jou antwoord aan te bied. Teken die tabel in jou ANTWOORDBOEK.

| TIPE REG | AANBEVELING |
|---|---|
| (a) | |
| (b) | |
| (c) | |

(6)

**[60]**

## VRAAG 4 BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg. (4)

**TOMMY SE INDUKSIEPROGRAM**

Tommy het 'n induksieprogram vir nuut aangestelde werknemers ontwikkel. Hulle word gewoonlik op 'n toer van die perseel geneem en aan senior bestuur en kollegas voorgestel.

4.1.1 Haal TWEE aspekte uit die scenario aan wat Tommy in sy induksieprogram ingesluit het. (2)

4.1.2 Gee Tommy raad oor enige TWEE ander aspekte wat in 'n induksieprogram ingesluit behoort te word. (4)

4.2 Verduidelik die werwingsprosedure wat gevolg moet word om ‘n vakante pos te vul. (6)

4.3 Bespreek die impak van die Wet op Gelyke Indiensneming op die menslike hulpbron-funksie wanneer nuwe aanstellings gemaak word. (6)

4.4 Onderhoudvoering is een van die stappe in die proses om ‘n nuwe werknemer aan te stel.

4.4.1 Beskryf die doel van ‘n onderhoud. (4)

4.4.2 Verduidelik die rol van die aansoeker/applikant gedurende die onderhoud. (8)

4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Monaheng Streekshospitaal**

Monaheng Streekshospitaal het ‘n pos vir ‘n dieetkundige geadverteer. Slegs twee aansoekers is na die onderhoud genooi in plaas van ‘n minimum van drie aansoekers. Die aansoekers was aan HIV toetsing blootgestel, hoewel die pos nie gesondheidsvereistes gespesifiseer het nie.

Lerato, wat haar BSc Dieetkunde graad aan die Noordwes Universiteit voltooi het, is as ‘n dieetkundige by die Monaheng Streekshospitaal in KZN aangestel. Sy ontvang ‘n maandelikse salaris van R19 812 (byvoordele ingesluit) voor aftrekkings.

4.5.1 Identifiseer TWEE uitdagings van Monaheng Streekshospitaal rakende die keuringsprosedure wat gevolg is. (2)

4.5.2 Stel die korrekte keuringsprosedure voor wat deur Monaheng Streekshospitaal gevolg moes word. (6)

4.5.3 Bespreek die impak van byvoordele op die besigheid. (4)

4.6 Identifiseer die element van totale gehaltebestuur (TGB) wat in ELKE stelling hieronder uitgebeeld word.

4.6.1 Die werknemers van Lwazi Lennox Konsultasie Agentskappe woon gereeld opleidingskursusse oor dienslewering by. (2)

4.6.2 Die besturende direkteur van Michelle's Holiday Lodge laat die werknemers toe om insette te lewer tydens strategiese beplanningsessies. (2)

4.6.3 Chikombingo Drukkers kan dit beskostig om twee ekstra kenners in hul Inligtings Tegnologie departement aan te stel. (2)

4.7 Bespreek die betrokkenheid van alle werknemers as 'n element van Totale Gehaltebestuur (TGB). (4)

4.8 Verduidelik hoe Totale Gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verlaag. (4)

4.9 Stel maniere voor hoe die volgende besigheidsfunksies tot die sukses van 'n besigheid kan bydra.

4.9.1 Algemene Bestuur (2)

4.9.2 Bemarking (2)

**[60]**

## VRAAG 5 DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

5.1 Bespreek die toepassing van die strategiese bestuursproses om besigheid verwante probleme op te los. (8)

5.2 Beveel maniere aan waarop besighede tot die suksesvolle toepassing van die Wet op Gelyke Indiensneming, 1988 (Wet 55 van 1988) kan bydra. (4)

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BOTHA HANDELAARS (BH)** |
|---|
| Mej. Tilly, 'n bestuurder by Botha Handelaars, versoek werknemers gereeld om idees by te dra oor hoe om die besigheid se winste te verhoog. |

5.3.1 Noem die leierskapstyl wat mej. Tilly in die scenario hierbo toepas. Motiveer jou antwoord. (4)

5.3.2 Bespreek die impak van mej. Tilly se leierskapstyl wat in VRAAG 5.3.1 geïdentifiseer is, op Botha Handelaars. (4)

5.3.3 Gee mej. Tilly raad oor die voordele daarvan om die situasionele leierskapsteorie in die werkplek te gebruik. (4)

5.4 Verduidelik die rol van persoonlike ingesteldheid in suksesvolle leierskap (4)

### BESIGHEIDSROLLE

5.5 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Bret is die projekbestuurder vir ‘n konstruksiemaatskappy. Sy span is ongelukkig oor ‘n tekort aan hulpbronne asook ‘n onregverdige werkslading. Die meeste werknemers is gefrustreerd oor die bestuur se swak besluitneming. Die stresvlakke van die werkers is hoog as gevolg van persoonlike verskille. |

5.5.1 Identifiseer DRIE moontlike oorsake vir konflik in die bostaande scenario. (3)

5.5.2 Stel maniere voor waarop besighede moeilike mense/ persoonlikhede kan hanteer. (4)

5.6 Brei uit oor die belangrikheid van spandinamika-teorieë om spanprestasie te verbeter. (8)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

5.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Sammy Bakkery benodig die dienste van ‘n ervare bakker. Die eienaar het ‘n versoek aan die Menslike Hulpbronnebestuurder gerig om ‘n geskikte kandidaat binne die onderneming met die nodige ondervinding, kennis en vaardighede te vind. |

5.7.1 Identifiseer die soort werwingsmetode uit die scenario hierbo. (2)

5.7.2 Noem enige DRIE bronne van eksterne werwing. (3)

5.8 Gee ‘n uiteensetting van die regsvereistes van ‘n indiensnemingskontrak. (10)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling. Dui die vraagnommer wat jy kies duidelik aan. Die antwoord vir elke vraag moet op 'n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n nuwe bladsy, ens.

### VRAAG 7 BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die instelling van die Verbruikersbeskermingswet (VBW), 2008 (Wet 68 van 2008) het 'n duidelike invloed gehad op die manier waarop besighede funksioneer. Hierdie wet het 'n verrykende impak op die wyse waarop besighede hulle kliënte behandel as hulle hul produkte verkoop.

As die voorsitter van 'n plaaslike besigheidsforum, adviseer die besighede oor die volgende aspekte:

- Dui aan wat die doel van die VBW is.
- Bespreek VIER verbruikersregte soos vervat in die VBW.
- Evalueer die impak van die VBW op besighede.
- Stel praktiese maniere voor hoe besighede aan die wet kan voldoen. **[40]**

### VRAAG 8 BESIGHEIDSROLLE

**READ MORE BOOKS (RMB)**

Read More Books (RMB) is 'n goed gevestigde boekwinkel. RMB will hulle beeld verbeter en tot die welstand van die gemeenskap en die omgewing bydra deur op sosiale verantwoordelikheid te fokus.

RMB het met jou as 'n besigheidsadviseer kontak gemaak om hulle te help met hul uitdagings rakende hulle korporatiewe sosiale verantwoordelikheid (KSV) en korporatiewe sosiale investering (KSI). Jou advies moet die volgende insluit:

- Brei uit oor die betekenis van KSV en KSI
- Verduidelik die verhouding tussen sosiale verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte/triple bottom line
- Evalueer die impak van KSV op besighede
- Gee in breë trekke VYF praktiese maniere waarop RMB se Korporatiewe Maatskaplike/Sosiale Investeringsprojekte (KMI/KSI) tot die gemeenskap kan bydra **[40]**

## VRAAG 9 BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

| |
|---|
| Elke besigheid moet verseker dat hul produkte aan die korrekte standaarde voldoen en dat die kwaliteit van elke produk dieselfde is. Die meeste besighede doen talle gehaltekontroles tydens die produksieproses. In sommige besighede is gehalte nie net beperk tot die gehaltekontroleproses nie, maar dit is deel van die kultuur van die besigheid. |

Ondersteun die bogenoemde argumente deur na die volgende aspekte te verwys:

- Verduidelik die konsepte *gehalteversekering, gehaltebestuur* en *gehaltebeheer*.
- Verduidelik hoe besighede die BDKH-model (PDCA) kan toepas om hul prosesse en sisteme te verbeter.
- Evalueer die impak van die volgende elemente van Totale Gehaltebestuur op groot besighede:
  - Deurlopende vaardigheidsontwikkeling
  - Totale kliënte tevredenheid
  - Spanwerk
- Ontleed die negatiewe impak op besighede indien TGB swak geïmplementeer word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**